

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:  
Dr. Ernst Endres – 17 Januarie 2021**

### 1. VOTUM

Hoe goed, hoe mooi is dit  
as broers eensgesind saam woon!

<sup>2</sup>Dit is soos reukolie  
wat van die kop af in die baard afloop,  
die baard van Aäron,  
af tot by die soom van sy klere.

<sup>3</sup>Dit is soos die dou van Hermonberg  
wat op die berge by Sion val.  
Waar broers so saam woon,  
skenk die Here sy seën:  
'n lang, lang lewe.

### 2. SEËNGROET

<sup>3</sup>Genade en vrede vir julle  
van God ons Vader en die Here Jesus Christus,  
<sup>4</sup>wat Homself vir ons sondes gegee het  
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en  
so die wil van God ons Vader te volbring.

<sup>5</sup>Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid!

Amen.



### 3. LOFLIED: HY LEEF HY LEEF

Hy leef, Hy leef, Hy leef hier in my hart  
My Jesus leef vandag, Hy leef hier in my hart  
Hy leef, Hy leef, Hy leef hier in my hart  
My Jesus leef vandag, Hy leef hier in my hart  
Sing hallelujah, sing hallelujah  
My Jesus leef, Hy leef hier in my hart  
Sing hallelujah, sing hallelujah  
My Jesus leef vandag.

### 4. SKRIFLESING EN GEBED

**Teks.** Psalm 130 en 131

**Tema.** Uit die dieptes vind ek rus

Dawid beskryf in hierdie twee Psalms drie fases waardeur sy lewe gegaan het:

- Fase een: 'n diep, donker gat (Ps. 130:1-4);
- Fase twee: uitkyktoring (Ps. 130:5-8)
- Fase drie: moeder-kleuter (Ps. 131:2)

#### 1. BEELD EEN: IN DIE DIEPTES (EK HUIL)

“Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE!”

Dawid bevind hom 'n diep, donker, onderaardse diepte waar vreesaanjaenende wesens woon. Hy skryf dat hy hom letterlik in die hel bevind het. Hy verwys na ervarings in sy lewe waar hy baie diep geval het.

Hierdie ervarings word in 2 Samuel 11-18 beskryf:

- Die owerspel met Batseba;
- Die dood van Urija en sy hartelose reaksie op die dood van Urija;
- Die aankondiging van die profeet Natan;
- Die dood van die pasgebore baba;
- Bloedskande in die koningshuis: Amnon verkrag sy halfsuster;
- Die bloedbad onder die prinse: Absalom vermoor Amnon;



- Burgeroorlog in Israel: Absalom, Agitoffel en en sy generaal, Eliam (pa van Batseba) draai teen hom;
- Die dood van Absalom.

**Wat doen hy in hierdie donker gat? Hy huil voor God en smee om genade en sy goedheid. (Psalm 130:2,3)**

“Here, hoor na my stem;

laat u ore luister na die stem van my smeking.”

- Dawid sit in hierdie diep, donker gat en hy huil. Hy vra hartverskeurend: is daar iemand wat my hoor?
- Laat u ore luister na die stem van my smeking: plea for mercy; request for kindness!
- As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan? <sup>4</sup>Maar by U is daar vergifnis: daarom word U steeds gedien.

### **DIE DIEP, DONKER GAT VAN 2021:**

- Covid-19 variant
- Die virus is ook nou in jou familie
- Meer sterftes
- Werksverliese
- Gebrek aan inkomstes
- Baie moeilik om enigsins te beplan vir 2021

In watter diep, donker, onheilspellende en vreesaanjaende gat bevind jy jou? Geen mens kan permanent in ‘n gat bly nie en hy moet daaruit. Kom ons kyk hoe Dawid uit hierdie gat gekom het. Hierdie proses word in verse 5 tot 8 beskryf.

### **2. BEELD TWEE: IN DIE UITKYKTORING. (EK WAG!)**

In hierdie gedeelte het “wag op die Here” die sleutelwoord geword. Terwyl hy tot God smee om hom uit die donker put te haal, wag hy op die verlossing van die Here. Terwyl hy hom in die stikdonker nag bevind, vind daar ‘n nuwe fokus in sy “siel” plaas!



**“Wag op die Here”: wagers op die mure! (Psalm 130:6)**

<sup>6</sup>My siel *wag* op die Here meer as wagers op die môre,  
wagers op die môre.

Die nag is op sy donkerste net voor dagbreek. (fear of the unknown, anxiety)

† **Wag op die Here: Dawid het sy vertroue en hoop op God geplaas (Psalm 130:5a)**

Ek stel my vertroue in die Here, ek vertrou (hoop) op Hom,

† **Wag op die Here: wag op die vervulling van sy Woord**

My siel wag op die vervulling van sy woord: m.a.w. die begin van die vervulling van die proses van verlossing. (Psalm 130:5b)

† **Wag op die Here: by die Here is daar troue liefde (Psalm 130:7)**

<sup>7</sup>Wag op die Here, Israel, want by die Here is daar troue liefde (loyal love)

† **Wag op die Here: by Hom is die verlossing seker (Psalm 130:7b,8)**

By Hom is die verlossing (the act of delivering from trouble; abundant redemption) seker. Hy alleen sal Israel verlos van al sy sondes.

**3. BEELD DRIE: MOEDER-KLEUTER (EK HET GEVIND) (Psalm 131)**

**Psalm 130:1 begin met,**

“Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE!”

**En Psalm 131 eindig met,**

“Ek het rus en kalmte gevind.

Soos ’n kindjie wat by sy moeder  
tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind.”



Waarlik, ek het my siel tot bedaring (sus; sooth; troos) gebring en stilgemaak; soos 'n gespeende kind by sy moeder, soos 'n gespeende kind is my siel in my.

#### **4. DAWID HET 'N GEHEIM ONTDEK: 'N ANDER PAD GEKIES!**

##### **'N ANDER PAD:**

- HERE, my hart is nie hoog en my oë nie trots nie: selfverheffing en hoogmoed is daar nie by my nie, Here:
- Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is.

**WAG OP DIE HERE, O ISRAEL, VAN NOU AF TOT IN EWIGHEID!**

##### **SAMEVATTEND.**

- **PSALM 18. REUSE, ROWERBENDES EN HOË MURE: KRAG**
- **PSALM 130 EN 131. DIEP GAT: RUS, KALMTE EN VREDE!**

#### **5. SLOTLIED: MAJESTEIT**

Majesteit, glansryke heerlikheid

Ons wil Jesus die Koning, hulde bewys !

Majesteit hemelse heerlikheid

Straal van Sy troon tot waar ons woon ons wil Hom prys !

Kom ons loof, kom ons besing die naam van Jesus !

Kom ons loof, kom ons aanbid die Here ons God !

Majesteit, heilige heerlikheid !

Hy het gesterf, ons heil verwerf Hy het oorwin !



## 6. SEËNBEDE:

<sup>2</sup>Mag die Here u gebed verhoor  
op die dag van nood,  
*mag* die Naam van die God van Jakob  
u beskerm.

<sup>3</sup>Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom,  
u bystaan uit Sion.

<sup>4</sup>Mag Hy al u graanoffers onthou  
en u brandoffers aanneemlik vind. Sela

<sup>5</sup>Mag Hy u gee wat u hart begeer  
en al u voornemens laat geluk.

**MAG DIE HERE ALLES GEE WAT U VRA. AMEN!**

## 7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapscan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

